

8

DIE TIEN GEBOOIE Hoe om God lief te hê

FASELES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet dat God se wet ons leer hoe om Hom en mekaar lief te hê.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet die tien gebooie ken en verstaan.

Gesindheid

Die kinders moet –

- dankbaar wees dat die Here vir die reëls leer om liefde te gee en te ontvang.
- gewillig wees om volgens die Here se riglyne te lewe.

Vaardigheid

Die kinders moet met 'n spesifieke daad gaan wys dat hulle –

- God liefhet; en
- hul medemense liefhet.

MEER INLIGTING (Eksodus 20: 1-17; Markus 12: 28-31)

Lank gelede het Moses die Israëliete deur die woestyn gelei. Hulle was slawe in Egipte. Dit beteken hulle het gewerk en gewerk sonder betaling – hulle het net kos en klere gekry. Dit was vir hulle baie swaar. Die Here het vir Moses gestuur om hulle uit Egipte na hul eie nuwe land te lei. Om daar te kom, moes hulle lank deur die woestyn trek. 'n Woestyn is 'n plek waar daar net sand en omtrent geen bome en baie min water is.

Die Israeliete het die Here nog nie goed geken nie. Hulle het nog nie geweet wat reg is en wat verkeerd is nie. Op 'n dag toe hulle naby die berg Sinai kom, het Moses hulle voor die berg laat wag. Hy self is die berg op, want die Here wou daar met hom praat. Bo-op die berg het die Here vir Moses twee plat klippe gegee. Op die klippe het die Here iets geskryf. Dit was tien reëls, tien dinge wat hulle sou leer wat reg en wat verkeerd is; wat hulle mag doen en wat hulle nie mag doen nie. Hy het dit kliptafels genoem. Ons noem dit ook die tien gebooue. Kyk na die prentjie in jul boeke. Dit is omtrent hoe dit gelyk het.

Die tien gebooue word ook die wet van die Here genoem. Almal wat in die Here glo, moet altyd aan dié gebooue gehoorsaam wees. So wys hulle dat hulle vir die Here lief is.

Ken julle die tien gebooue? Partykeer lees die ouderling dit op 'n Sondagoggend in die kerk. Kan julle onthou dat julle dit al gehoor het? Kom ons kyk gou wat die tien dinge is wat God van ons vra:

1. Die eerste gebod: **Net God alleen aanbid**

Dit sê ons mag geen ander gode aanbid nie. Daar is net een God, en ons mag net vir God aanbid.

2. Die tweede gebod: **Geen beelde aanbid nie**

Dit sê ons mag nie 'n beeld van God maak en die beeld dan aanbid nie. Party mense maak beelde van hul gode, dan buig hulle voor die beelde en aanbid die beelde. Maar ons mag dit nooit doen nie. (Laat hulle na die prent van die afgodsbeeld in hul boeke kyk.)

3. Die derde gebod: **Geen misbruik van God se Naam nie**

Dit beteken ons mag nie die Naam van die Here verkeerd gebruik nie. Ons mag nie sy Naam gebruik sommer net om iets te sê, of om te vloek, of as 'n kwaai woord nie. Het julle al gehoor dat mense sommer die Here se Naam gebruik as hulle met ander mense praat? Ons mag die Here se Naam net gebruik as ons bid, of as ons oor die Here praat. Nooit op 'n ander manier nie.

4. Die vierde gebod: **Sondag moet ons kerk toe gaan**

Dit beteken dat daar een dag van die week is wat veral die Here se dag is. Dan gaan ons kerk toe en ons rus, sodat ons weer nuwe krag kry vir die nuwe week. Ons help ook mense wat probleme het, of gee ons dankoffer na die erediens sodat mense daarmee gehelp kan word. Vir ons is daardie dag Sondag, want Jesus het op 'n Sondag uit die dood opgestaan.

5. Die vyfde gebod: **Eer jou vader en jou moeder**

Dit beteken dat ons lief moet wees vir Pappa en Mamma of die mense wat ons versorg, maar ons moet ook luister as hulle met ons praat. Ons moet gehoorsaam wees aan hulle.

6. Die sesde gebod: **Nie doodslaan nie**

Ons mag nooit iemand doodmaak of seermaak nie, of selfs net wens iemand gaan dood nie.

7. Die sewende gebod: **Nie steel nie**

Ons mag niks vat wat nie ons s'n is nie, en ons moet al ons eie en ander mense se besittings oppas.

8. Die agtste gebod: **Nie egbreuk pleeg nie**

Dit beteken as twee mense getrou het, moet hulle lief wees vir mekaar, en probeer om altyd bymekaar te bly en om altyd lief te bly vir mekaar.

9. Die negende gebod: **Nie sê wat nie waar is nie**

Dit sê ons mag nie jok nie. Ons mag ook nooit iets wat nie waar is nie of wat hulle kan seermaak oor iemand anders sê nie.

10. Die tiende gebod: **Nie begeer nie**

Ons mag nie wens om ander mense se goed vir ons te vat nie. Ons mag ook nie wens om slegte dinge te doen nie.

AANBIEDING

Jy het nodig

- Klei.
- Omdat klei duur is om te koop, kan dit gemaak word van vier koppies koekmeel, vier koppies sout, vier dessertlepel aluin. Meng alles saam en voeg water geleidelik by tot dit nie meer aan mekaar klou nie. Indien 'n kleur verlang word, voeg koekkleursel by. Dit kan ook sonder die aluin gemaak word, maar dit sal dan net nie hard word nie.

KOM ONS BEGIN

Open deur Gesang 250: 1 voor te lees. Verduidelik dat vers 1 sê die wet vra van ons om God en ander mense lief te hê.

Gods wet vra al ons liefde vir Hom, ons God en Heer, en liefde vir ons naaste – dis wat sy Woord ons leer.

Lees ook vers 2 as gebed en verduidelik dat ons vir God vra om ons te help om lief te hê soos wat die wet vra.

O Heer, wil dan u liefde ook deur ons openbaar, dat ons mekaar mag liefhê en só u wet bewaar.

HET HULLE ONTHOU?

Met die vorige faseles is Bileam en die donkie behandel. Vra enkele vrae om te kyk wat hulle as groep kan onthou en om die gebeure weer in te skerp:

- Die vorige keer toe ons as groep bymekaar was, het ons gepraat oor hoe die Here 'n donkie laat praat het. Met wie het die donkie gepraat? *(Met Bileam.)*
- Hoekom het die donkie met Bileam gepraat? *(Bileam kon nie die engel met die swaard sien nie, maar die donkie kon wel. Daarom wou die donkie nie verder gaan nie. Maar Bileam slaan toe die donkie. Toe vra die donkie hoekom hy hom so slaan.)*
- Hoe praat die Here vandag met ons? *(In die besonder deur die woorde van die Bybel – dit is hoekom ons die Bybel “God se Woord” noem en waarom ons doen wat die Bybel ons leer.)*

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Voer gesprek oor die lees van die tien gebooie in die erediens. Vra of hulle al gehoor het dat die ouderling of dominee dit lees.

Vra of hulle lief is vir Pappa en Mamma (onthou om Oupa en Ouma in te voeg as daar dalk 'n kind is wat by die oupa en ouma of iemand anders bly). Voer 'n kort gesprek daaroor.

Vra hoe hulle weet dat Mamma en Pappa lief is vir hulle. Ja, hulle sê dit vir ons. Ons ouers gee vir ons drukkies. Maar ons wys dit ook vir ons ouers as ons na hulle luister, as ons gehoorsaam is.

Net so wys ons ook vir God dat ons vir Hom lief is as ons aan Hom gehoorsaam is. Maar Hy sê nie vir ons dat ons moet gaan bad en slaap, of dat ons ons kos moet eet nie. Wat sê Hy vir ons? Dit wat die Here vir ons sê, kry ons in die tien gebooie. So weet ons hoe die Here wil hê ons moet lewe. Kom ek vertel julle wat die tien gebooie is.

IETS INTERESSANT

Gebruik MEER INLIGTING hierbo en vertel die verhaal van die tien gebooie. Die inligting is in 'n storienvorm gegiet en kan net so gebruik word.

IETS BELANGRIK

Kyk of hulle die volgende kan onthou:

- Wat noem ons die reëls wat die Here vir ons gegee het om te wys hoe ons moet lewe as ons lief is vir Hom? *(Die tien gebooie.)*
- Noem vir my 'n paar dinge wat ons daar in die tien gebooie gehoor het.
 - o **Ons moet God alleen aanbid.**
 - o **Ons mag geen beelde aanbid nie.**
 - o **Ons mag nie God se Naam misbruik nie.**
 - o **Sondag moet ons kerk toe gaan.**
 - o **Ons moet ons ouers eer.**

- o **Ons mag nie doodslaan nie.**
- o **Ons mag nie steel nie.**
- o **Ons mag nie egbreuk pleeg nie.**
- o **Jy mag nie jok nie.**
- o **Jy mag nie begeer nie.**

- Wat leer die tien gebooie ons? (*Jesus sê dat al die gebooie ons leer hoe ons vir God en ander mense lief moet wees.*)
- Wat moet ons op 'n Sondag doen as ons lief is vir God? (*Kerk toe gaan, mense help wat swaar kry of siek is, en ons moet rus.*)
- Wat moet ons doen met ons mamma of pappa of ander mense wat ons versorg? (*Ons moet gehoorsaam aan hulle wees.*)
- Wat mag ek nie met ander mense se goed doen nie? (*Ek mag dit nie steel of verniel nie.*)

IETS OM TE DOEN

- Laat hulle na die prentjie van die kliptafels in hul boeke kyk.
- Gee vir hulle klei en laat elkeen kliptafels van klei maak.

BY DIE HUIS

Doen

- Laat hulle vir hul ouers gaan vertel wat kinders van die Here op Sondag doen.
- Laat hulle as gesin onderneem om –
 - o elke Sondag kerk toe te gaan as iets ernstig hulle nie keer nie.
 - o iemand wat hulle ken wat siek is elke Sondag te help en hul dankoffer by die kerk te gee om mense wat moeilikheid het, te help.
 - o Sondag te rus.

Leer

- Laat hulle Markus 12: 30 by die huis uit die kop gaan leer:

Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand en met al jou krag.

Verduidelik dat hierdie versie beteken hulle moet die Here liefhê –

- o in hoe hulle in hul harte voel (*hele hart*);
- o met alles wat hulle elke dag doen en alles wat met hul hele lewe te doen het (*hele siel*);
- o met alles wat hulle dink – hulle moet dink om aan die Here gehoorsaam te wees (*hele verstand*); en
- o deur al hul krag en energie te gebruik om die Here te dien (*al jou krag*).

AFSLUITING

Skerp dit weer in dat die tien gebooie ons leer hoe om vir God en vir mekaar lief te wees. As 'n mens nie liefhet nie, help alles in die lewe jou niks.

Sluit af deur Gesang 530: 1 te lees of dit te laat sing.

*Praat ek mense-, eng'letale, maar dis nie uit liefde nie,
is my woorde hol simbole – klanke sonder melodie.
Al kan ek geheime uitlê, berge deur geloof versit,
of al het ek al die kennis – sonder liefde is ek niks.*

Verduidelik dat hierdie mooi Gesang sê al kan ek soos 'n engel die mooiste dinge sê, of al weet ek alles in die wêreld, as ek nie my liefde wys nie, help alles niks.

